

**OMGEWINGSINVLOEDBEPALING:
BEOOGDE WINDENERGIE-AANLEG NABY COPPERTON,
NOORD-KAAP**



JANUARIE 2012
DOS VERWYSINGSNR. 12/12/20/2099 **aurecon**

**OPSOMMENDE DOKUMENT:
KONSEP OMGEWINGSINVLOEDBEPALINGSVERSLAG**

Agtergrond

Plan 8 Infinite Energy (Edms) Bpk (Plan 8) beoog om 'n windenergie-aanleg wat ongeveer 140 Megawatt elektrisiteit kan opwek, in fases op 'n plaas naby Copperton in die Noord-Kaap op te rig. Aurecon Suid-Afrika (Edms) Bpk (Aurecon) is deur Plan 8 aangestel om die verlangde Omgewingsinvloedbepalingsproses (OIB) kragtens die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (WNOB) (Wet Nr. 107 van 1998), soos gewysig, uit te voer.

Die beoogde projek sal plaasvind op die Plaas Struisbult (Plaas Nr. 103 Gedeeltes 4 en 7 en Plaas Nr. 104 Gedeeltes 5), naby Copperton in die Noord-Kaap. 'n Bestaande vliegveld sal ook as deel van die beoogde projek na Gedeeltes 1 en 2 van Plaas Nr. 105 hervestig word. Plaas Struisbult is ongeveer 5 km noord-oos van Copperton geleë, en die twee gedeeltes (wat die gedeelte vir die transmissielyste uitsluit) beslaan ongeveer 3 130 ha. Die vliegveld sal hervestig word op 'n gebied van 385 ha binne Gedeeltes 1 en 2 van Plaas Nr. 105 (7 578 ha groot).

Beoogde projek

Plan 8 is van voorneme om 'n windenergie-aanleg wat ongeveer 140 MW krag sal opwek (en wat sal bestaan uit 56 turbines wat elk 2.5 MW opwek) op te rig op die Plaas Struisbult (Plaas Nr. 103, Gedeeltes 4 en 7; en Plaas Nr. 104, Gedeelte 5) naby Copperton in die Noord-Kaap (verwys na **Figuur 1**). Daar is oorspronklik gekyk na 'n drie-fase windenergie-aanleg van 200 MW. Windenergie-projekte word egter kragtens die Departement van Energie se Onafhanklike Kragvoorsiensproses tot 140 MW beperk; en die projek is vervolgens verander na 'n enkel-fase projek van 140 MW. Dit sal ook nodig wees om 'n bestaande landingstrook aangrensend aan die terrein te herbou en te hervestig op Gedeeltes 1 en 2 van Plaas Nr. 105, ongeveer 7 km oos van die terrein in die rigting van die Armscor (Alkantpan) toetsbaan. Verwys na **Figuur 1** vir die voorgestelde uitleg van die vliegveld, wat ongeveer 1 700 x 60 m groot sal wees.

Doel van hierdie dokument

Hierdie dokument is 'n opsomming van die Konsep Omgewingsinvloedbepalingsverslag (OIBV) vir die voorgestelde windenergie-aanleg naby Copperton, Noord-Kaap. Dit gee 'n kort agtergrond en oorsig van die voorgestelde projek, 'n beskrywing van die proses van openbare deelname tot op datum, 'n lys van projek-alternatiewe en die moontlike impakte wat ondersoek is.

U word ook uitgenooi om 'n Openbare Vergadering by te woon waartydens die bevindinge van die konsep OIBV aangebied en bespreek sal word. Dit vind plaas op **22 Februarie 2012, 17h00-19h00, by die letznietz Konferensiekamer, Copperton**. RSVP asseblief vir meer inligting indien u die vergadering wil bywoon. **As gevolg van die swak bywoning deur die publiek tydens die openbare vergadering vir die Omvangbepalingsfase (slegs 3 B&GPe was teenwoordig), word B&GPe versoek om teen 15 Februarie 2012 te laat weet of hulle die vergadering sal bywoon. Indien daar te min belangstelling is, sal die vergadering gekanselleer word en sal B&GPe eerder per telefoon/ e-pos gekontak word om kwessies en kwellinge te bespreek.**


Lees asb. hierdie Opsommende Dokument, en verkieslik die volledige OIBV, deur en dien u kommentaar op die voorgestelde projek teen **6 Maart 2012** in. Alle OIB-dokumente is beskikbaar by die Prieska (Elizabeth Vermeulen) Openbare Biblioteek, by letznietz in Copperton, en op Aurecon (Edms) Bpk (Aurecon) se webblad <http://www.aurecongroup.com>, verander "Current Location" na "South Africa" en volg die "Public Participation"-skakel). Lewer kommentaar deur 'n brief te skryf, te bel of 'n e-pos te stuur aan Lousie Corbett:

Posbus 494, Kaapstad, 8000

Tel: (021) 526 6027

Faks: (021) 526 9500

E-pos: louise.corbett@aurecongroup.com



Figuur 1. Voorkeur-uitleg, gedateer Oktober 2011, vir die voorgestelde windenergie-aanleg (Bron: Plan 8, Nordex)

OIB-proses

Die OIB-regulasies (Regulasies 544, 545 en 546) wat kragtens die WNOB afgekondig is, identifiseer sekere aktiwiteite wat 'n "beduidende nadelige invloed op die omgewing mag hê". Hierdie gelyste aktiwiteite verg 'n omgewingsmagtiging vanaf die bevoegde omgewingsowerheid, in hierdie geval (wat energie-aansoeke betref) die Departement van Omgewingsake (DOS), voordat daar met enige werksaamhede begin kan word.

Die voorgestelde projek het verskeie WNOB gelyste aktiwiteite tot gevolg, en verg dus 'n omgewingsmagtiging vanaf die DOS via die OIB-proses uiteengesit in Regulasie 543 van die WNOB.

Aurecon is aangestel om die verpligte omgewingsmagtiging- en lisensiëringsproses namens Plan 8 uit te voer.

Die OIB-proses bestaan uit 'n Aanvanklike Aansoekfase, 'n Omvangbepalingsfase en 'n OIB-fase. Die doel van die Aanvanklike Aansoekfase is om die projek van stapel te stuur deur die indiening van die toepaslike departementele aansoekvorms. Die doel van die Omvangbepalingsfase is om die moontlike positiewe en negatiewe omgewingsimpakte (beide maatskaplik en biofisies) wat die voorgestelde projek tot gevolg mag hê, te identifiseer en te omskryf, asook om haalbare alternatiewe meer omvattend te ondersoek.

Die doel van die OIB-fase, die huidige fase, is om daardie alternatiewe en impakte wat in die Omvangbepalingsverslag geïdentifiseer is, deeglik te ondersoek en te beoordeel, en voorstelle te maak wat die negatiewe impakte kan versag. Die OIBV is ook die basis vir ingeligte besluitneming deur die applikant (om te bepaal watter alternatiewe mee voortgegaan kan word), en deur die DOS (om die omgewingsaanvaarbaarheid van die applikant se voorkeuropsie te bepaal). Hierdie opsomming kan nie die omvattende OIBV vervang nie, en is dus slegs 'n oorsig van die inligting in die verslag.

Hoe jy betrokke kan raak

Openbare deelname is 'n sleutelkomponent van hierdie OIB-proses en sal op verskeie stadiums van die projek plaasvind.

Die aanvanklike konsultasieproses het in November 2010 met die aanvang van die OIB-proses plaasgevind. Die doel hiervan was om die voorgestelde projek bekend te stel en aanvanklike kwessies en kwellinge vanaf Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (B&GPe) te verkry. Die Aanvangsfase het uit die volgende stappe bestaan:

- Verspreiding van die Agtergrond-inligtingsdokument op 24 November 2010 om Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (B&GPe) oor die projek in te lig en B&GPe uit te nooi om op die databasis te registreer;
- Advertensies in 'n plaaslike koerant, die Gembok, waarin die breër publiek in kennis gestel is van die aanvang met die OIB en hulle uitgenooi is om vanaf 24 November 2010 as B&GPe te registreer; en
- 'n Terrein-kennisgewing is op 9 Februarie 2010 by die ingang na die Plaas Struisbult aangebring.

Die hoofdoel van die openbare deelname tydens die Omvangbepalingsfase was om B&GPe in te lig oor die inhoud van die Konsep Omvangbepalingsverslag (KOBV), om aan te dui hoe hulle kommentaar tot op datum in die verslag opgeneem is, en om bykomende kwessies te identifiseer/ kommentaar te bekom. Die volgende stappe was deel van die Omvangbepalingsfase:

- Oprigting van 'n terrein-kennisgewing by die ingang na die Plaas Struisbult op 24 November 2010;
- Die beskikbaarstelling van die Konsep Omvangbepalingsverslag (KOBV) by die Prieska (Elizabeth Vermeulen) Openbare Biblioteek, by letznietz in Copperton en op Aurecon se webblad vanaf 17 Februarie 2011. Alle geregistreerde B&GPe is op 17 Februarie 2011 per brief (per pos

- of e-pos gestuur) in kennis gestel van die beskikbaarheid van die KOBV, asook van 'n openbare vergadering. 'n Afskrif van die Uitvoerende Opsomming van die KOBV (in Engels en Afrikaans) is by hierdie kennisgewingsbriewe ingesluit.
- Die hou van 'n Openbare Vergadering op Donderdag, 10 Maart 2011 vanaf 18h00 – 20h00 in die letznietz Konferensiekamer, Copperton, om die bevindinge van die KOBV oor te dra en te bespreek. Aantekeninge van die openbare vergadering is gestuur aan elkeen wat die vergadering op 30 Maart 2011 bygewoon het;
 - B&GPe het vir 40 dae, tot 30 Maart 2011, geleentheid gehad om hulle skriftelike kommentaar op die KOBV in te dien. Alle kommentaar is by die finalisering van die verslag in agt geneem, en die kommentaar, tesame met die projekspan en aansoeker se antwoorde daarop, is by die finale verslag ingesluit.
 - Die Finale Omvangbepalingsverslag (FOBV) was vanaf 10 Mei 2011 op dieselfde plekke as die KOBV beskikbaar gestel, en daar was tot 1 Junie 2011 tyd om daarop kommentaar te lewer. Alle geregistreerde B&GPe op 10 Mei 2011 per brief in kennis gestel van die beskikbaarheid van die FOBV. Die FOBV het 'n oorsig gegee van die hele reeks moontlike omgewingsimpakte en haalbare alternatiewe, asook hoe dit bepaal is. Ook ingesluit was 'n Studieplan vir die OIB waarin die voorgestelde benadering vir die huidige OIB-fase uiteengesit is, asook die verpligte deskundige ondersoeke wat uitgevoer moet word; en
 - Die FOBV en gepaardgaande Studieplan vir die OIB is op 10 Mei 2011 by die DOS ingedien en op 15 Junie 2011 aanvaar. Die DOS het egter versoek dat, bykomend tot die voorgestelde spesialisstudies, die landboupotensiaal van die gebied ondersoek moet word – veral die landboupotensiaal daarvan, en hoe die voorgestelde projek hierdie potensiaal sal beïnvloed.

Alle skriftelike kommentaar was as 'n bylae by die Konsep OIBV ingesluit. Alle kwessies wat in die skriftelike korrespondensie geopper is, is in 'n Kommentaar- en Antwoordverslag vervat en, tesame met die projekspan se antwoord daarop, as 'n bylae by die KOIBV ingesluit.

Die huidige OIB-fase het ten doel om die inhoud van die Konsep OIBV aan geregistreerde B&GPe oor te dra. Hierdie fase bestaan uit:

- Beskikbaarstelling van die Konsep OIBV by die Prieska (Elizabeth Vermeulen) Openbare Biblioteek, by letznietz in Copperton, en op Aurecon se webblad (www.aurecongroup.com) – verander "Current Location" na "South Africa" en volg die "Public Participation"-skakel) vanaf **26 Januarie 2012**;
- Alle geregistreerde B&GPe is uitgenooi om 'n openbare vergadering op 22 Februarie 2012 vanaf 17h00 – 19h00 in die letznietz Konferensiesaal in Copperton by te woon waartydens die bevindinge van die Konsep OIBV bespreek sou word. Geen antwoorde is op die uitnodiging ontvang nie, en die vergadering is dus weens 'n gebrek aan belangstelling gekanselleer. ~~Alle geregistreerde B&GPe is uitgenooi om 'n openbare vergadering op 22 Februarie 2012 by te woon om die bevindinge van die Konsep OIBV te bespreek;~~
- Alle geregistreerde B&GPe is van die vergadering in kennis gestel en het 'n afskrif van die Opsommende Dokument ontvang; en
- Finalisering van die OIBV deur die insluiting van alle openbare kommentaar by wyse van 'n Kommentaar- en Antwoordblad.

Na afloop van die OIB-fase is daar geleentheid vir appèl sodat B&GPe teen die DOS se omgewingsmagtiging kan appelleer.

Projek-alternatiewe

Die voorgestelde projek bestaan uit:

- 'n Windenergie-aanleg wat uit ongeveer 56 turbines bestaan;
- Verwante infrastruktuur, wat onder andere die volgende insluit:
 - Betonblaaie langs die turbines;

- Toegangspaaie, 6 m wyd, tussen turbines; en
- 'n Kragdraad-aansluiting na die bestaande netwerk.

Die volgende haalbare alternatiewe is in die OIBV oorweeg:

- **Alternatiewe plasinge:**
 - Een plek vir die beoogde windenergie-aanleg;
 - Elektrisiteitsverspreiding by wyse van aansluitings op terrein met die huidige netwerk; en
 - Elektrisiteitsverspreiding by wyse van 'n 8.6 km-lange 132 kV-aansluiting met die Cuprum-substasie.
- **Alternatiewe bedrywighede:**
 - Opwekking van windenergie by wyse van windturbines; en
 - “Geen ontwikkeling” alternatief – geen windenergie nie.
- **Alternatiewe terreinuitlegte:**
 - Een alternatiewe terreinuitleg (Oktober 2011).
- **Alternatiewe tegnologieë:**
 - N100 turbine; en
 - N117 turbine.

Geïdentifiseerde impakte

Die OIBV bevat 'n omvattende beoordeling van die moontlike omgewingsimpakte wat op die voorgestelde windenergie-aanleg betrekking het. Hierdie impakte is deur die OIB-span sowel as B&GPe geïdentifiseer.

Die volgende spesialisstudies is deur onderstaande deskundiges uitgevoer word om meer omvattende inligting te bekom oor daardie omgewingsimpakte wat as van belang geïdentifiseer is, en/of waar daar nie genoeg inligting beskikbaar was nie, naamlik:

- *Botaniese beoordeling:* Dr Dave MacDonald, Bergwind *Botanical Tours and Surveys*;
- *Bepaling van avifauna:* Dr Andrew Jenkins van *Avisense Consulting*;
- *Opname van vlermuise:* Mnr. Werner Marais van *Animalia Zoological and Ecological Consultation*;
- *Bepaling van impak op Erfenishulpbronne:* Mev. Melanie Atwell van *Melanie Atwell Associates* (kulturele erfeniskomponent), mnr. Nicholas Wiltshire van die Agentskap vir Kulturele Hulpbronbestuur (argeologiese komponent) en dr. John Almond van *Natura Viva cc* (paleontologiese komponent); en
- *Beoordeling van visuele impak:* Mev. Karen Hansen van *Viridian Consulting*.

Die betekenisvolheid van die moontlike omgewingsimpakte (biofisies en sosio-ekonomies) wat die voorgestelde projek tot gevolg mag hê, is in **Tabel 1** opgesom.

Wat **Tabel 1** betref is die mees betekenisvolle (**hoog (-)**) impak tydens die bedryfsfase op die biofisiese en sosio-ekonomiese omgewing (sonder mitigasie) die moontlike invloed van die voorgestelde windenergie-aanleg op vlermuise, visuele estetika en omliggende grondgebruike.

Die impak op vlermuise sal met die toepassing van mitigasie-maatreëls na **laag-medium (-)** verminder. Op die oomblik is daar nog geen inligting oor enige betekenisvolle afname in die impak op omliggende grondgebruike nie. Na verwagting sal die mitigasie-maatreëls wat in konsultasie met SKA ooreengekom is, egter die impak verlaag tot 'n vlak wat vir SKA aanvaarbaar is. Indien laasgenoemde nie moontlik is nie, sal die voorgestelde projek nie voortgaan nie. Die impak op visuele estetika bly egter dieselfde. Daar moet kennis geneem word dat vervaardiging van energie twee moontlike positiewe impakte teweeg kan bring, naamlik die impak op die vervaardiging van energie, en die impak op die plaaslike ekonomie (werkskepping) en maatskaplike toestande. Hierdie impakte het 'n **laag (+) en medium(+)**, betekenisvolheid – met en sonder mitigasiemaatreëls.

Tabel 1: Opsomming van die betekenisvolheid van die moontlike impakte verbonde aan die voorgestelde ontwikkeling

IMPACT			Preferred Layout	
			No Mit	With Mit
OPERATIONAL PHASE IMPACTS				
1.1	Impact on botany:	Preferred layout	L	L
1.2		No-go alternative	L	L
2	Impact on birds		M	L-M
3	Impact on bats		H	L
4	Impact on fauna		VL	VL
5	Impact on climate change		L+	L+
6.1	Impact on heritage resources:	Archaeology	L	L
6.2		Palaeontology	L	L
6.3		Cultural heritage	N	N
7	Visual aesthetics		M-H	M-H
8	Impact on energy production		L+	L+
9	Impact on local economy (employment) and social conditions		M+	M+
10	Impact on agricultural land		L	L
11	Impact on surrounding land uses		H	Undetermined
12	Impact of noise		N	N
CONSTRUCTION PHASE IMPACTS				
13	Impacts on flora, avifauna, fauna and bats		L-M	L
14	Sedimentation and erosion		L	VL
15	Visual aesthetics		M	L
16	Impact on local economy (employment) and social conditions		M+	M+
17	Impact on transport		L	L
18	Noise pollution		VL	VL
19	Storage of hazardous substances on site		L	L
20	Impact of dust		L	VL

Wanneer die voorgestelde projek en die “geen ontwikkeling”-alternatiewe met mekaar vergelyk word, is dit duidelik dat die “geen ontwikkeling”-alternatiewe slegs een betekenisvolle negatiewe impak (**laag (-)**) op die biofisiese en sosio-ekonomiese omgewing het, terwyl die voorgestelde windenergie-aanleg **laag en medium (+)** impakte en **laag tot hoog (-)** impakte op die omgewing het. Die negatiewe impakte van die voorgestelde projek word as gevolg van die positiewe impakte uit 'n omgewingsoogpunt as aanvaarbaar beskou.

Wat die verskil in die betekenisvolheid van die moontlike impakte op die haalbare alternatiewe betref (wat alternatiewe verspreidingsmetodes en turbines insluit), word hulle almal as gelykwaardig beskou, en is daar dus geen betekenisvolle verskil nie. Daar word dus aanbeveel dat Plan 8 sy voorkeurposisie op grond van tegniese en finansiële oorwegings bepaal.

Gevolgtrekkings en aanbevelings

Die impakte van die voorgestelde projek het streeksimpakte (beide biofisies en sosio-ekonomies) tot gevolg wat die gebied nadelig kan raak. Die betekenisvolheid van hierdie impakte, **sonder mitigasie**, word van **hoë of lae** betekenisvolheid beskou. Die toepassing van die aanbevole mitigasiemaatreëls sal egter die betekenisvolheid van die negatiewe impakte tot 'n minimum beperk, sodat die betekenisvolheid van alle impakte behalwe een (visueel) as **medium of laer** geag word.

Positiewe impakte van die voorgestelde projek hou verband met die vervaardiging van energie, en met die plaaslike ekonomie (werkskepping) en maatskaplike toestande – naamlik **Laag (+) en Medium (+)**.

Op grond van bogenoemde is die Omgewingsbeoordelingspraktisyn van mening dat die aansoek vir die voorgestelde windenergie-aanleg, tesame met die verwante infrastruktuur en alle alternatiewe, gemagtig kan word omdat die voordele die negatiewe omgewingsimpakte by verre oortref. Die betekenisvolheid van die negatiewe impakte kan met die toepassing van 'n Lewensiklus Omgewingsbestuursprogram (OB-program – soos in hierdie verslag beskryf – deur doeltreffende en toepaslike mitigasie verlaag word. Indien die aansoek goedgekeur word, moet die implementering van so 'n OB-program as 'n voorwaarde vir die goedkeuring ingesluit word.

Daar moet kennis geneem word dat, indien die SKA-projek aan Suid-Afrika toegeken word en dit nie moontlik is om mitigasie-maatreëls toe te pas wat 'n aanvaarbare impak op die SKA-projek het nie, die voorgestelde projek nie gemagtig behoort te word nie.

Wat die verskil in die betekenisvolheid van die moontlike impakte op die haalbare alternatiewe betref (wat alternatiewe verspreidingsmetodes en turbines insluit), word hulle almal as gelykwaardig beskou, en is daar dus geen betekenisvolle verskil nie. Daar word dus aanbeveel dat Plan 8 sy voorkeurposisie op grond van tegniese en finansiële oorwegings bepaal.

Volgende stappe

Die Konsep OIBV was beskikbaar by die Prieska (Elizabeth Vermeulen) Openbare Biblioteek, by Ietzniet in Copperton en op Aurecon se webblad (www.aurecongroup.com/) (verander "Current Location" na "South Africa" en volg die "Public Participation"-skakel). Alle geregistreerde B&GPe was per brief, tesame met 'n brief en 'n afskrif van die Konsep OIBV se Uitvoerende Opsomming, in kennis gestel van die beskikbaarheid van die Konsep OIBV. Die publiek het tot en met 6 Maart 2012 geleentheid gehad om hulle skriftelike kommentaar op die Konsep OIBV by Aurecon in te dien.

Geregistreerde B&GPe was uitgenooi om 'n openbare vergadering op 22 Februarie 2012, vanaf 17h00 – 19h00, by die Ietzniet Konferensiekamer in Copperton by te woon waartydens die bevindings van die OIBV bespreek sou word. As gevolg van die swak bywoning deur die publiek by die openbare vergadering tydens die Omvangbepalingsfase (slegs 3 B&GPe was teenwoordig), was B&GPe versoek om teen 15 Februarie 2012 te laat weet of hulle die vergadering sou bywoon. Indien daar te min belangstelling sou wees, sou die vergadering gekanselleer word en sal B&GPe eerder per telefoon/ e-pos gekontak word om enige kwessies en kwellinge te bespreek. Teen sluitingstyd op 15 Februarie 2012 het geen B&GP die uitnodiging aanvaar nie, en is die openbare vergadering dus gekanselleer.

Die OIBV is ~~sal~~ gefinaliseer word by wyse van die byvoeging van die kommentaar vanaf B&GPe, asook 'n brief van Plan 8 waarin hulle aandui watter mitigasiemaatreëls toegepas sal word. Die Finale OIBV is vanaf 19 Maart 2012 totdat 13 April 2012 vir kommentaar beskikbaar gestel, en wel op dieselfde plekke as waar die Konsep OIBV beskikbaar was. Alle kommentaar wat ontvang word sal nie beantwoord word nie, maar saamgevoeg word en vir oorweging aan die DOS deurgestuur word.

Die Finale OIBV sal vir oorsig en besluitneming by onderskeidelik by die Noord-Kaapse DOS&NB en die DOS ingedien word. Sodra die DOS die Finale OIBV deurgegaan het, sal hulle bepaal of die OIB-proses aan die wetlike verpligtinge voldoen het, en of daar genoeg inligting is om 'n ingeligte besluit te kan neem. Indien alle vereistes nagekom is, sal hulle besluit oor die omgewingsaanvaarbaarheid van die voorgestelde projek. Hierdie besluit sal in 'n Omgewingsmagtiging vervat word waarin die detail van die besluit, die redes daarvoor en enige ander voorwaardes uiteengesit is. Nadat die omgewingsmagtiging uitgereik is, sal die DOS se besluit per brief aan alle geregistreerde B&GPe oorgedra word. Dit word gevolg deur 'n appelproses waartydens en enige party die geleentheid het om, in terme van die WNOB, by die Minister van Omgewingsake teen die besluit te appelleer.

Kantoor vir Openbare Deelname

Aurecon

Louise Corbett

Tel: (021) 526 6027

Faks: (021) 526 9500

E-pos: louise.corbett@aurecongroup.com

Posbus 494 Kaapstad 8000

Lys van Afkortings

B&GP	Belanghebbende en Geaffekteerde Party
DOS	Departement van Omgewingsake
FOBV	Finale Omvangbepalingsverslag
Ha	Hektaar
Km	Kilometer
KOBV	Konsep Omvangbepalingsverslag
Kv	Kilovolt
MW	Megawatt
OB-program	Omgewingsbestuursprogram
OIB	Omgewingsinvloedbepaling
OIBV	Omgewingsinvloedbepalingsverslag
WNOB	Wet op Nasionale Omgewingsbestuur